Limpopo Tobacco Processors (Pty)Ltd

TOBACCO PRODUCER DEVELOPMENT (PTY) LTD

21 Junie 2018

LTP COMMUNIQUÉ

Geagte Tabak produsente

Die Algemene Jaarvergaderings en Direksievergaderings van LTPH en SATPH het plaasgevind op Woensdag 2 Junie 2018. Die volgende belangrike sake is bespreek:

1. Junie Oesskatting 2017/2018

LOSKOP		LAEVELD		NOORDWES		WATERBERG		TOTAAL	
Ha	KG	Ha	Kg	Ha	Kg	Ha	Kg	Ha	Kg
2,068	6,092,348	136	394,041	347	1,084,127	1,120	4,549,012	3,671	12,119,528

2. Die nuutste oesskatting van 12,12 miljoen kilogram vir 2017/2018 oesjaar toon 'n voorlopige finale gemiddelde skaal prys van ±R38,19/kg. Vroeë indikasies bevestig dat die groot hoeveelheid "Suurlemoen" tabak wat geproduseer word, LTP gaan verhoed om die BATSA bestelling ten volle te vul. Indien die oorblywende 2,000,000 kg egter van goeie gehalte is, behoort die finale gemiddelde prys (na agterskotte) ±R45.87 te realiseer.

3. Die statuut van LTPH vereis dat die voorsitter van LTP jaarliks verkies moet word. Mnr Rudolf Ottermann is eenparig herkies as voorsitter van die LTPH raad. Die Raad, Bestuur en lede van LTP wens hom baie geluk met sy verkiesing. Die Raad van SATPH het Mnre RW Ottermann en NP Kok weer verkies tot die Raad van LTPH. Mnr Rudolf Ottermann is ook eenparig herkies as Voorsitter van SATPH se direksie (3 jaar termyn).

4. Die produksie van markgerigte tabak is van uiterse belang vir die ekonomiese lewensvatbaarheid en voortbestaan van tabak produksie in Suid-Afrika. Met dit in ag genome het die Raad op die volgende reëls besluit vir die 2018/2019 oes:

   a. Elke produsent sal 'n produksie kwota ontvang wat bepaal sal word op grond van sy leweringsgeskiedenis die afgelope 3 x jaar.

   b. Die graad-prysstruktuur gaan sodanig aangepas word om produsente te beloon wat markgerigte tabak produseer en sogenaamde "onbemarkbare" tabak te ontmoedig.

   c. Buite spec tabak (hoë nikotien en hoë chloor) sal slegs onder spesifieke voorwaardes aangekoop word. Alle tabak wat hoër as die maksimum waarde getoets word sal slegs 50% van die skaalprys ontvang. Hierdie reëling sal geld vir die hele vrag wat gelewer is per kleurgroep.

   d. Voorskot betalings sal elke Vrydag, twee weke na lewering geskied. Verteenwoordigende kartonne van al die kleurgroepe sal in die twee weke getoets word vir chloor en nikotien.

e. Die aankoop van Z- grade sal beperk word tot 10% van 'n produsent se totale kwota. Enige addisionele Z- tabak bo die 10% kwota sal slegs 50% van die skaalprys ontvang.

5. Leweringskontrakte vir 2018/2019 sal op 1 Julie 2018 gereed wees. Finale skaalpryse sal egter eers beskikbaar wees na afloop van die prysonderhandelinge met BATSA. Dit kan afgehaal word by u ontvangsdepot of direk afgelaai word vanaf LTP se webtuiste www.ltp.co.za

6. TPD en LTP se B-BBEE status is van kardinale belang vir voorgesette besigheid met plaaslike kopers soos BATSA en Philip Morris. Die nuutste oudit plaas beide maatskappye in 'n vlak 4, wat die minimum vereiste vir BATSA is. Die Raad het in beginsel besluit dat LTP genoodsaak gaan wees om groter beleggings te maak in "Skills Development" om minimum nakoming te verseker.

Die Raad en Bestuur is deeglik bewus dat die implementering van die nuwe reëls verdere druk kan plaas op produsente. Ons is egter oortuig dat dit die maatskappy, en veral produsente wat mark gerigte tabak produseer, op die lang duur hierby sal baat.

Die raad en bestuur wens alle tabakprodusente sterkte toe met die afhandeling van hul oeste.

Beste wense

.....
Christo van Staden
Besturende Direkteur

.....
Z Motsumi
Uitvoerende Direkteur